

Woensdag 15 November

Skrifgedeelte: Matteus 25:1-13

Fokusgedeelte: Matteus 25:1-13; HK, Vraag 83

Hy het die sleutels van sy koninkryk: Wees gereed!

In 'n lewe met baie hartseer en swaarkry, skuld en oordeel het God dit moontlik gemaak dat daar vir mense feesvreugde kan wees omdat ons die Verlosser en Koning Jesus Christus leer ken het. Beter nog: dis omdat die Verlosser en Koning ons as sy eiendom ken en daarom ons na sy fees toe genooi het. Soos gaste na 'n bruilofsfees toe, nooi Hy mense om sy Konings-heerskappy gelowig te erken.

Destyds was 'n houer met ekstra olie 'n baie belangrike bykomstigheid as jy 'n troue bygewoon het. Sonder ekstra olie vir jou lampie kon jy dalk saam met al die ander gaste die bruidegom inwag, maar wanneer almal later bly is om te hoor dat hy op pad is, kon dit maklik gebeur dat jy te laat besef dat die olie in jou lamp besig is om op te raak.

Ons Here Jesus het vertel dat dit is wat eenkeer met vyf meisies gebeur het. Hulle het nie betyds gereed gemaak vir 'n lang wag nie. Die ander kon hulle nie uithelp nie, almal het net genoeg vir hulleself gehad. Wanneer die bruidegom kom, is duidelik gesien wie gereed is.

Met die koninkryk van God gaan dit ook so, vertel Jesus. Ons weet nie wanneer sy wederkoms plaasvind, of wanneer ons laaste oomblik hier aan-breek nie. Wie in ware geloof aan Hom deel het en met jou lewe wys dat Hy die Koning en Here van jou lewe is, is gereed. Wie in ongeloof Hom egter verwerp het, word dan uitgesluit.

Hy gebruik die verkondiging van sy Woord en die liefdevolle vermaning en tug van sy kerk soos sleutels om oop te sluit en toe te sluit.

Wees gereed! Hy maak dit moontlik om gereed te wees!

Sing: Psalm 139:12 (1936)

Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)